*Saam skep ons 'n toekoms vir siggestremdes*

# IN FOCUS FOKUS

News from the Institute for the Blind

PO BOX 933, WORCESTER • TEL: 023 347 2745 • REGISTRATION: NPO 011-891 • MARCH 2010

BANKBESONDERHEDE:
ABSA Worcester
Tjek Rek. Nr.
440-410-243
Takkode: 50-31-07

If you make a direct deposit, please fax the deposit slip to us at
Fax: 023 342 1169
E-pos: iftb@mweb.co.za
Webwerf:
www.blind-institute.org.za

Ontwerp en gedruk deur
BM Drukkers
023 342 2073

## "ONS IS DRUKKIE-MENSE"

Ek is lief om te sê: "Hier by die Instituut vir Blindes is ons drukkie-mense". Want die blindes is drukkie-mense en hulle wat met die blindes werk, is drukkie-mense. En dis nie aangeplak nie, dis eg, want ons gee om vir mekaar. Ek onthou toe ek 7 jaar gelede deur die Here na die Instituut vir Blindes geroep is, het ek gedink ek gaan daarheen om vir die blindes iets te beteken. Min het ek geweet hoe hulle my lewe radikaal gaan beïnvloed. Ek dink altyd aan die blinde dogtertjie wat vir haar siende juffrou sê: "Juffrou sien met juffrou se oë, maar ek sien met my hart". Hier op Worcester het ek mense ontmoet wat met hulle harte sien, het ek geleer wat ware omgee-liefde is, het ek ervaar wat dit beteken om 'n drukkie-mens te wees.

In a letter of one of our parents she used the following expression: "Lord let me be a caregiver and not only a caretaker". And that is what I have experienced since the first day I arrived at the Institute for the Blind. I invite you to join me as I walk through the corridors of Ebenhaezer Home and hear the joyful sounds of singing and dancing of the multi-disabled and see the sincere expression of love and empathy of the staff as they mingle with the residents; to see the passion and commitment of the teachers of the Pioneer School when they create a learning environment for learners who are visually impaired; to see the genuine compassion and love with which the elderly blind are cared for in Brevis Home. We are called to be caregivers and that is what we strive to do.

Daarom is dit geen wonder as 'n doofblinde persoon vir my in die vakansie raakloop en vir my smeek om te gaan werk nie, want daar by sy werksbank is hy gelukkig, daar is mense wat hom verstaan, wat met hom kan kommunikeer, wat vir hom lief is. Want die Instituut het vir hom sy huis geword, hy het deel geword van 'n wonderlike familie wat hom aanvaar net soos hy is en vir hom ruimte geskep het om tot sy volle potensiaal te ontwikkel.

Dankie dat u wat hierdie briefie lees ook die keuse gemaak het om deel te word van hierdie uitgebreide familie van die blindes en deur u bydraes vir ons te help om ons roeping te vervul as "Drukkie-mense". Ons is so bevoorreg!!

**Freddie Botha**

*Geborg deur*
*Marina Seesout*

*Sponsored by*
*Marina Sea Salt*

## LOUIS BRAILLE: 1809 - 1852
## 200 JAAR FEESVIERINGE

Gedurende 2009 het die Instituut vir Blindes hulde gebring aan Louis Braille, die genié agter die ontdekking van Braille, deur verskeie bewusmakingsprojekte aan te bied, onder meer:

*Visueelgestremdes neem deel aan die Louis Braille Pretstap*

*Uitstalling en optredes Mountain Mill Mall*




*Ete in die Donker*

*Briewe aan Louis Braille: Skryfkompetisie-wenners*

*Believe, when you are most unhappy, that there is something for you to do in the world. So long as you can sweeten another's pain, life is not in vain.*

**Helen Keller**





## JAARVERGADERING

Die Instituut se jaarvergadering is, soos in die verlede, deur 'n groot aantal gaste en medewerkers bygewoon. By die geleentheid het die uitvoerende hoof, Freddie Botha, verwys na besondere prestasies die afgelope jaar wat slegs bereik kon word danksy die volgehoue ondersteuning en toewyding van ons donateurs en medewerkers. Braille opleiding, rekenaaropleiding, ontspanning en die inskerping van lewensvaardighede by ouer blindes en doofblindes geniet tans voorrang by die Instituut.

*Mnr Johan Heÿl, Tannie Mollie – getroue donateur - en mnr Freddie Botha tydens die Instituut se Jaarvergadering*

## HELEN ZILLE BESOEK PIONIERDRUKKERY

Die Pionierdrukkery het die voorreg gehad om in September me Helen Zille, premier van die Wes-Kaap, in hul midde te verwelkom. Die drukkery is hoopvol dat, veral na me Zille se besoek, hul soveelste pleidooi om 'n regeringsgesteunde nasionale hulpbronsentrum eerder as 'n skoolgebonde brailledrukkery te word, suksesvol sal wees.

◀ *Me Zille gesels met Liezel Crafford en Gerald Cupido, operateurs in die Oudio-afdeling van die Pionierdrukkery, tydens haar besoek.*

## BRAILLE NOTICE BOARDS – MOUNTAIN MILL MALL, WORCESTER

When visiting the Mountain Mill Mall in Worcester, do yourself a favour and stop to read the Braille notice boards at all 4 entrances. The information on the notice boards is in normal writing and in Braille and displays a short historic overview of the Mall as well as the outer lines of the centre. The notice boards also display information on Braille and the founder of Braille, Louis Braille.

*Happiness is not a matter of events, it depends upon the tides of the mind.*

**Alice Meynell**

*Geborg deur Marina Seesout • Sponsored by Marina Sea Salt*

## DANKIE HENNIE SCHOEMAN

Die Pionierskool het onlangs hul jaarlikse prysuitdeling gehad en Louzanne Coetzee – Graad 10 visueelgestremde leerder – was die gelukkige kandidaat om 'n pragtige Braille kookboek, geskenk deur Hennie Schoeman, te ontvang! Die fisies gestremde en swaksiende Frederick Liebenberg was hierdie jaar gekies as beste skaakspeler vir die seisoen en was bevoorreg om die Hennie Schoeman Wissel-Trofee, ook geskenk deur Hennie, te ontvang. Hierdie trofee sal jaarlikse aan die beste skaakspeler vir die seisoen toegeken word.

*Frederick Liebenberg*

*Louzanne Coetzee and Mr Hennie Mentz (Principal Pioneer School)*

*Mel Elliot aan die skilder terwyl die orkes in die agtergrond speel.*

## DANKIE SÉ FUNKSIE - STRAND

Om ons dankbaarheid oor te dra aan ons getroue donateurs, beoog ons om gereelde funksies te reël waar donateurs bedank kan word vir hulle onbaatsugtige ondersteuning. Die eerste van vele toekomstige "dankie sê" funksies was onlangs in die Strand gehou. Donateurs het die geleentheid gehad om die bekende skilder, Mel Elliot (Villiersdorp), te ontmoet en te aanskou hoe hy 'n olie skildery verf met die Instituut vir Blindes Orkes se musiek in die agtergrond as inspirasie.

## JEANNETTE LUTTIG – LOYAL FRIEND AND DONOR

The John Blignaut Building, one of the buildings of the Institute for the Blind, was officially opened on Tuesday, 2 February 2010 by Ms Jeannette Luttig, daughter of John Blignaut after whom the building was named. The building forms part of the new complex for the multi-disabled visually impaired pupils of the Pioneer School. The restoration and reconstruction of the John Blignaut Building was made possible through a generous donation by Ms Luttig, a loyal friend and donor of the Institute for the Blind.



*Freddie Botha, Jeannette Luttig and Hennie Mentz during the inauguration*

*The unselfish effort to bring cheer to others will be the beginning of a happier life for ourselves.*

**Helen Keller**

## SENIOR BURGER BESOEKE

Dit is vir ons baie spesiaal om vanuit die leefwêreld van die blinde vir ons senior burgers 'n oggend te kan gee waar die talente van ons blindes geniet kan word. Ons was bevoorreg om verskeie aftree-oorde en tehuise in die Wes-Kaap te kon besoek. Ons dankbaarheid is groot teenoor ons senior burgers wat ons altyd met sulke warm harte ontvang. Ons hou nie daarvan om afskeid te neem nie en hoop dat julle gedurende 2010 vir ons sal kom kuier hier by die Instituut vir Blindes!

## OOM DAANTJIE TRUTER

Mnr Daantjie Truter van die Paarl is op 21 Julie 2009 oorlede. Vanweë sy noue betrokkenheid as donateur en bemaker van die Instituut het 'n besondere vertrouensverhouding ontwikkel tussen ons en Oom Daantjie. Oom Daantjie was deel van ons groot familie – hy het harte verryk met sy deernis vir ons visueelgestremde persone. Ons was so bevoorreg om voor die tyd te kon weet dat Oom Daantjie vir ons 'n bemaking nagelaat het en dus vir hom die versekering kon gee dat hy sal voortleef in die harte en lewens van ons blindes en personeel.

◀ *Oom Daantjie Truter*

## MICHAEL MELLOR

We had the wonderful privilege of welcoming Mr Michael Mellor, world renowned writer from New York, to the Institute for the Blind recently. During a Dinner in the Dark function, where guests could experience dining in the dark as a blind person would, Michael Mellor delivered an inspirational and thought provoking presentation on the life of Louis Braille. His book, "A touch of genius", gives insight into the life of Louis Braille, the genius behind the development of Braille. This was his first and only visit to the Western Cape as guest speaker and we are proud to have been a part of this unforgettable experience.

*Michael Mellor speaking to Michael (blind) at work in the Cane Department*

*Who is the happiest of men? He who values the merits of others, and in their pleasure takes joy, even as though 'twere his own.*

**Johann Wolfgang von Goethe**

Leerlinge van De Doorns Laerskool "gesels" met die doofblinde Hennie Randall deur elke letter in sy hand uit te spel, tydens hulle besoek aan die Instituut.

YWAM besoekers

Ons ontvang gereeld besoekers wat graag kennis wil maak met ons blindes en ons dienste van naderby wil aanskou - **BESOEKERS IS MEER AS WELKOM!**

Kontak gerus vir Floris Brown indien u die Instituut vir Blindes wil besoek Selfoonnr – 083 235 5364.

## JOHAN HEŸL RETIRES

The gentle voice donors have become accustomed to calling them to say thank you for their donation, has retired. Johan Heÿl, Manager: Fundraising and much loved friend and colleague, retired at the end of 2009, after 10 years of service to the Institute for the Blind. The difference Johan has made in the lives of donors, colleagues and blind residents is immeasurable – he will be dearly missed. Irene de Bod has been appointed as the new Manager: Fundraising.

Irene de Bod

Johan Heÿl and Freddie Botha during Johan's farewell function

**We would like to leave Johan with the following Irish quote :**

*"May the road rise up to meet you, may the wind be ever at your back.*
*May the sun shine warm upon your face and the rain fall softly on your fields.*
*And until we meet again, May God hold you in the hollow of his hand."*

*Try not to become a man of success but a man of value.*
**Albert Einstein**

# WONDERLIKE VRIENDE!

## CHRISTMAS GIFTS

What a privilege to have friends that carry the needs of our visually impaired residents close at heart. Anne and Ewan Swart (Durbanville) are two of these generous friends. Their support has become an annual gesture where they spoil the disabled visually impaired girls in House Freesia with wonderful Christmas gifts and snacks. The girls were delighted with their gifts and showed their appreciation by singing and dancing for them. A very emotional and unforgettable experience for all!

*Anne, Kirsten and Ewan Swart with two House Freesia residents, Charlene (left) and Louise (right, standing)*



*André op fiets*

## ANDRE MEYER

Baie dankie aan André Meyer vir die wonderlike skenking van R970,00 wat hy ingesamel het tydens sy fietsry ekspedisie. André het besluit om 'n roete tussen Worcester en Mosselbaai en weer terug per fiets aan te durf om geld in te samel vir die Instituut vir Blindes.

## KRAAIFONTEIN-NOORD GEMEENTE

Die NG Kerk Kraaifontein-Noord en die Instituut vir Blindes se paaie het in 2004 gekruis en daar het sedertdien 'n hegte band tussen hierdie twee instansies ontstaan. Oor die jare het hierdie gemeente aktief betrokke gebly by verskeie aksies. 'n Onlangse voorbeeld is toe 10 gemeentelede onder leiding van Koos Fourie reeds dou voor dag op 4 Desember 2009 vure hier by die Instituut aangesteek het om die heerlikste potjiekos voor te berei vir al die Instituut se inwoners en werknemers. Baie dankie aan Koos en sy span wat hul tyd en liefde gegee het om hierdie heerlike ete voor te berei en die dag by ons deur te bring!

*Koos Fourie* ▶

*Most of the shadows of this life are caused by our standing in our own sunshine.*
**Ralph Waldo Emerson**

# KENNISGEWINGBORD / NOTICE BOARD

In ons **September donateursbrief** het ons die talentvolle blinde Pionierskool leerling, Laetitia Bouwer, aan u bekend gestel. Dit is vir ons 'n voorreg om u mee te deel dat Laetitia twee onderskeidings gedurende haar matriekeksamen behaal het en een van net twee Pionierskool leerlinge was wat vir hul prestasies 'n toekenning van die Wes-Kaapse Premier, me Helen Zille, ontvang het. Laetitia beplan om Universiteit Stellenbosch toe te gaan om 'n BA kursus in Taal en Kultuur te voltooi. **Ons donateurs het 'n groot rol gespeel in Laetitia se prestasie – u oorvloedige skenkings het vir ons die geleentheid gebied om vir Laetitia en haar skoolmaats net die beste onderrig te kan bied.**

## DIE BLINDES KORT "POTLODE"

Die Braille Perkins Masjien is vir 'n blinde soos 'n pen en papier vir siendes. Hierdie noodsaaklikheid kos R4,200 …ons benodig 10!

*Die blindes se pen en papier* ▶

*Sharon Goosen adviseer 'n lae visie klient*

## WHAT IS LOW VISION?

Low Vision is when a person experiences difficulty functioning optimally in general daily activities because of a visual impairment and cannot be improved by, for example, new spectacles or an operation. Here at the Institute for the Blind we can assess you and with a few adaptations you could still lead a normal life. **These assessments are FREE !** - do you find it difficult to read the newspaper? - do you find it difficult to read the price tags in shops? - is watching television a problem? - are you using an old magnifier that belonged to your Dad or Mom?

Please contact Sharon Goosen – 072 277 3306 for any advice.

Musiek is 'n groot deel van ons blindes se lewens en daarom word, onder andere, kitaar lesse aangebied in ons opleidings eenheid. Daar is tans 'n tekort aan SEWE kitare – skakel asb vir Floris Brown (083 2355 364) indien u, of 'n vriend, vir ons 'n kitaar kan skenk.

*Life's most persistent and urgent question is, 'What are you doing for others?'*
**Martin Luther King, Jr.**